



Biblioteek- en Inligtingsdienstebeleid

Verwysingsnommer	2P/2.13
Beleideienaar	Adjunkvisekanselier: Onderrig-Leer
Beleidsadministrateur	Hoofdirekteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste
Verantwoordelike afdeling	Biblioteek- en Inligtingsdienste
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	28 Maart 2018
Datum van wysigings	Beleid eerste keer gepubliseer in 2018
Hersieningsdatum	2021
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules
Adres op die beleid-databasis	(10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad Maart 2018\2P/2.13_LIS_e.docm

BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTEBELEID

As 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika, wat bekend is vir wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie Biblioteek- en Inligtingsdienstebeleid op 28 Maart 2018 aanvaar.

1 Vertolking en toepassing

1.1 Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met:

1.1.1 die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.1.2 die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997, en

1.1.3 die Statuut van die Noordwes-Universiteit (2017).

2 Woordomsrywings

In hierdie beleid –

staan “**AfLIA**” vir Afrikafederasie van Biblioteek- en Inligtingsverenigings en -instansies.

beteken “**goedgekeurde gebruikers**” lede van die gemeenskap soos alumni, meningsvormers, CHELSA-lede, navorsers, en ander wat gemagtig is om die LIS in ooreenstemming met die toepaslike reëls te gebruik.

staan “**CHELSA**” vir Komitee van Hoëronderwysbiblioteke van Suid-Afrika.

beteken “**identiteitskaart**” 'n geldige NWU-personeel- of studentekaart of enige ander geldige identiteitsnommer wat uitgereik is deur die Universiteit.

staan “**IFLA**” vir Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings en -instansies.

beteken “**inligtingsgeletterdheid**” die vermoë om inligting op 'n etiese en wettige manier te vind en te gebruik.

beteken “**hulpbronne**” gedrukte en elektronies-gebaseerde bronne van inligting insluitende boeke, databasisse, e-boeke en e-joernale, fasiliteite soos navorsingsmeent, rekenaarlaboratoriums, mense, ens.

staan “**LIASA**” vir Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika.

staan “**BID**” vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens van die NWU.

staan “**SANLiC**” vir Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium.

is “**virtuele biblioteek**” die NWU-biblioteek se amptelike webteenwoordigheid, wat dien as 'n poort na alle beskikbare aanlyn hulpbronne en dienste.

3 Beleidsverklaring

3.1 Hierdie beleid het ten doel om die volgende hoofdoelwitte te bevorder:

- om leiding te gee oor die gebruik en bestuur van LIS-hulpbronne en -dienste;
- om BID as 'n unitêre stelsel te posisioneer, en
- om die billike verspreiding van BID-hulpbronne te verseker.

3.2 Die BID-bestuur moet verseker dat toepaslike beleide, reëls en prosedures vir die behoorlike administrasie en bestuur van sy hulpbronne tot stand gebring word en dat gebruikers redelike toegang het tot hierdie beleide, reëls en prosedures.

- 3.3 Die algemene doelstelling van BID is om 'n aktiewe vennoot te wees in innoverende onderrig en leer en voorpunftnavorsing by die NWU.
- 3.4 In die besonder moet BID toegang verskaf tot moderne en relevante hulpbronne en dienste om op 'n professionele, kreatiewe en innoverende wyse aan die akademiese verwagtinge van die biblioteekgebruikers te voldoen.
- 3.5 Die beste beskikbare hulpbronne moet op 'n volhoubare en kostedoeltreffende manier deur BID verskaf word vir die voorsiening, handhawing en verbetering van sy dienste.
- 3.6 BID moet 'n aktiewe lid van die globale biblioteek- en inligtingsdienstegemeenskap wees en moet nasionale en internasionale samewerking bevorder.

4 Reëls

4.1 Biblioteekure

- 4.1.1 Ure vir toegang tot fisiese NWU-biblioteke moet jaarliks hersien word en beskikbaar gestel word op die BID-webblad en by die biblioteke se ingange.
- 4.1.2 Die virtuele biblioteek moet te alle tye beskikbaar wees.

4.2 Beheer en Bestuur

- 4.2.1 Die korporatiewe bestuur van BID word toevertrou aan die Senaat se Biblioteek- en Inligtingsdienskomitee (SLISC), aangewys deur die Senaat, wat 'n adviserende en voorspraakrol ten opsigte van BID het.
- 4.2.2 Die Biblioteekbestuurskomitee (BBK) is verantwoordelik vir die dag-tot-dag-administrasie en -bestuur van BID. Dit bestaan uit die Hoofdirekteur, wat ook as voorsitter optree, fokusareadirekteurs, BID- senior bestuurders en afdelingshoofde.
- 4.2.3 Die bestuur van die BID moet die beste belange van die NWU dien deur die volgende standaarde te handhaaf:
 - die beste praktyke in alle aktiwiteitsrigtings,
 - integrasie en deling van alle dienste, en
 - die volg van konsekwente kriteria vir billike toewysing van fondse vir inligtingshulpbronne onder al die fakulteite van die NWU.

4.3 Kommunikasie

Formele korrespondensie met interne en eksterne belanghebbendes moet gevoer word deur die Hoofdirekteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens, of deur 'n lid van die BBK aan wie dit gedelegeer kan word deur die hoofdirekteur.

4.4 Versamelingsontwikkeling en -bestuur

- 4.4.1 Die gedrukte en aanlyn versamelings van BID moet aktief ontwikkel word ter ondersteuning van die volle inligtingsvereistes van voorgraadse en honneursstudente.
- 4.4.2 Die BID moet daarna streef om gedrukte en aanlyn versamelings op te bou ter ondersteuning van die belangrikste fokuspunte van navorsing van die NWU, met inagneming van die vermoë om by te dra tot 'n nasionale versameling en ondersteuningstelsel.
- 4.4.3 Duplisering van hulpbronne moet tot die minimum beperk word, maar alle gebruikers moet toegang hê tot al BID se inligtingshulpbronne.
- 4.4.4 BID moet daarna streef om positief te reageer op die verskuiwing in die publikasiebedryf waar al hoe meer hulpbronne aanlyn gepubliseer word.

4.5 Lewering van dienste

BID moet verbind wees tot die beginsel van billike dienslewering aan alle gebruikers, ongeag terrein of modus van dienslewering.

4.6 Inligtingsgeletterdheidsopleiding

BID moet omvattende opleiding in inligtingsgeletterdheidsprogramme vir gebruikers verskaf om doeltreffende benutting van biblioteekhulpbronne te verseker.

4.7 Navorsingsondersteuning

BID moet navorsingsondersteuning aan alle geregistreerde gebruikers verskaf in die vorm van navorsingsdatadienste, databestuur, digitalisering, die ontwikkeling van die institusionele bewaarplek (Boloka), en die gebruik van navorsingsevalueringshulpmiddels om navorsingsintegriteit te bevorder.

4.8 Eksterne samewerking

- 4.8.1 BID moet so wyd moontlik betrokke raak by nasionale sowel as internasionale samewerking met ander biblioteke.
- 4.8.2 Deelname by CHELSA, SANLIC, LIASA, AfLIA , IFLA en soortgelyke verenigings moet so ver moontlik aangemoedig word as 'n manier om te verseker dat die BID voortgaan om deel te wees van die nasionale en globale biblioteekgemeenskap.

5 Rolle, regte en verantwoordelikhede

5.1 BID-bestuur

- 5.1.1 BID is gebind deur die beginsel van vrye vloei van en gelyke toegang tot inligting.
- 5.1.2 Daar moet gehou word by die reëls met betrekking tot die optimale gebruik van biblioteekhulpbronne in die belang van die bevordering van die fundamentele regte van alle biblioteekgebruikers en -personeel.

5.2 BID-gebruikers

- 5.2.1 Elke biblioteekgebruiker het die reg tot toegang tot biblioteek- en inligtingsdienste behoudens die nakoming van toepaslike reëls en regulasies, insluitende die reëls met betrekking tot die oplê van boetes indien hulpbronne nie betyds terugbesorg word nie.
- 5.2.2 Daar word van biblioteekgebruikers verwag om BID-eiendom op te pas.
- 5.2.3 Alle biblioteekgebruikers moet hulself vergewis van beleide en prosedures ten opsigte van die gebruik van BID-hulpbronne en -dienste.
- 5.2.4 Die Biblioteek se Gedragskode moet aanlyn en by alle leweringpunte beskikbaar gestel word.

6 Hersiening

Hierdie beleid moet elke vyf jaar hersien word, behoudens goedkeuring van die SLiSC, Senaat en Raad, met inagneming van wysigingsvoorstelle wat ingedien word deur biblioteekgebruikers.

Original details: (10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad Maart 2018\Library and Information Services Policy.docm
16 April 2018

File reference: 2P/2.13